**INVICTA HOLDINGS BEPERK**

(In die Republiek van Suid-Afrika ingelyf)
Registrasienommer: 1966/002182/06
Aandelekode: IVT • ISIN kode: ZAE000029773
("Invicta" of "die Maatskappy" of "die Groep")

# AANKONDIGING AANGAANDE DIE TOESTAAN EN AANVAARDING VAN LENINGS DEUR INVICTA DIREKTEURE EN SPESIFIEKE UITREIKING VAN AANDELE DAARVAN

## 1. INLEIDING

Aandeelhouers word verwys na 'n bepalingsaankondiging wat op SENS op 23 Junie 2011 en in die pers op 24 Junie 2011 vrygestel is, waarin hulle meegedeel is dat Invicta en Humulani Marketing (Edms) Beperk ("Humulani Marketing") 'n langtermyn leningskema vir Invicta uitvoerende direkteure ("uitvoerende bestuur") gestig het, waarvolgens Humulani Marketing lenings aan die uitvoerende bestuur sal maak ("lenings") om aandele in Invicta te verkry, binne 90 dae nadat die lening goedgekeur is, deur 'n spesifieke uitreiking van Invicta-aandele vir kontant deur tesourie-aandele te gebruik of die deelnemer Invicta-aandele op die oop mark verkry.

## 2. TOESTAAN EN AANVAARDING VAN LENINGS

Aandeelhouers word meegedeel dat Humulani Marketing en die uitvoerende bestuur leningsooreenkomste onderskeidelik aangegaan het op 30 Junie 2011 waarvolgens Humulani Marketing Mnr A Goldstone R38 000 000, Mnr C Barnard R11 500 000, Mnr CE Walters R25 800 000 en Mnr AM Sinclair R8 600 000 toegestaan het. Die totale waarde van die lenings synde R83 900 000 wat 2,64% van die markkapitalisasie van Invicta soos op sakesluiting op 29 Junie 2011 verteenwoordig. Die lenings wat deur die uitvoerende bestuur opgeneem is, is Mnr A Goldstone R38 000 000, Mnr C Barnard R9 000 000, Mnr CE Walters R15 000 000 en Mnr AM Sinclair R8 600 000, die totale waarde synde R70 600 000.

## 3. SPESIFIEKE UITREIKING VAN AANDELE VIR KONTANT DEUR TESOURIE-AANDELE TE GEBRUIK EN LENINGS

Aandeelhouers word verder meegedeel dat die uitvoerende bestuur met 1 659 614 Invicta-aandele uitgereik is (Mnr A Goldstone 893 277 aandele, Mnr C Barnard 211 565 aandele, Mnr CE Walters 352 609 aandele en Mnr AM Sinclair 202 163 aandele), gehou as tesourie-aandele, op 30 Junie 2011 teen R42,54, wat gelyk is aan die volume geweegde gemiddelde prys per aandeel vir die 30 handelsdae tot en met 29 Junie 2011, synde die dag voor die ondertekeningsdatum van die ooreenkomste ("die spesifieke uitreiking").

### 3.1 *Pro forma* finansiële effekte van die spesifieke uitreiking en lenings

Die tabel hieronder sit die ongeouditeerde *pro forma* finansiële effekte van die spesifieke uitreiking en lenings uiteen. Hierdie *pro forma* finansiële effekte is die verantwoordelikheid van die Maatskappy se direkteure en word slegs vir illustratiewe doeleindes voorgelê om inligting aangaande hoe die transaksie Invicta se finansiële posisie kon geïmpak het, as die spesifieke uitreiking en lenings op 31 Maart 2011 geïmplementeer was en die impak op Invicta se finansiële resultate as die spesifieke uitreiking en lenings op 1 April 2010 geïmplementeer was.

Die ongeouditeerde *pro forma* finansiële effekte is gegrond op die geouditeerde finansiële inligting van Invicta vir die twaalf maande geëindig 31 Maart 2011 soos op SENS aangekondig op 1 Junie 2011 en is voorberei in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid van Invicta op daardie datum. Vanweë die aard van die *pro forma* finansiële inligting, mag dit nie 'n billike weergawe van die Groep se finansiële posisie of finansiële resultate na die spesifieke uitreiking en lenings bied nie.

**Ongeouditeerde *Pro Forma* Finansiële Effekte**

| | Voor die spesifieke uitreiking en lenings | Na die spesifieke uitreiking en lenings | % verandering |
|---|---|---|---|
| Verdienste per aandeel (sent) | 504 | 496 | (2) |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | 496 | 488 | (2) |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | 473 | 466 | (1) |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | 2 303 | 2 347 | 2 |
| Tasbare netto batewaarde per aandeel (sent) | 1 785 | 1 841 | 3 |
| Aantal uitgereikte aandele netto van tesourie-aandele ('000) | 69 954 | 71 614 | 2 |
| Geweegde gemiddelde uitgereikte aandele ('000) | 70 211 | 71 866 | 2 |

*Aantekeninge en veronderstellings:*

a. *Die "Voor die spesifieke uitreiking en lenings" kolom is onttrek uit die gepubliseerde geouditeerde finansiële state van Invicta vir die jaar geëindig 31 Maart 2011 soos vrygestel op SENS op 1 Junie 2011;*

b. *Vir die doeleinde van die berekening van verdienste per aandeel, wesensverdienste per aandeel en verwaterde wesensverdienste per aandeel in die "Na die spesifieke uitreiking en lenings" kolom, was dit veronderstel dat die spesifieke uitreiking en lenings op 1 April 2010 geïmplementeer was;*

c. *Vir die doeleinde van die berekening van netto batewaarde per aandeel en netto tasbare batewaarde per aandeel in die "Na die spesifieke uitreiking en lenings" kolom, was dit veronderstel dat die spesifieke uitreiking en lenings op 31 Maart 2011 geïmplementeer was;*

d. *Vir doeleindes van die berekening van die impak op die finansiële posisie en finansiële resultate is die aantal uitgereikte tesourie-aandele gebaseer op die geweegde gemiddelde aandeelprys van R42,54 vir die vorige 30 dae soos op 30 Junie 2011, synde die datum waarop die pro forma finansiële effekte bereken is en synde die dag waarop die ooreenkomste onderteken is en 'n totale leningswaarde van R70,6 miljoen en uitreiking van 1 659 614 tesourie-aandele;*

e. *Rente op die lenings aan direkteure is gebaseer op die Inkomstebelasting rentekoers vir lae rente lenings aan werknemers, huidiglik 6,5%;*

f. *Beraamde eenmalige transaksiekostes ten bedrae van R1,1 miljoen; en*

g. *Die waarde van die verkoopopsie is beraam op Rnul met aanvang van die spesifieke uitreiking.*

Die toestaan van die lenings en die spesifieke uitreiking is onderhewig aan goedkeuring deur Invicta aandeelhouers in algemene vergadering, besonderhede waarvan in 'n omsendbrief uiteengesit sal word en mettertyd aan aandeelhouers gepos sal word. 'n Billikheidsmening deur 'n onafhanklike deskundige oor die lenings en die spesifieke uitreiking sal in die omsendbrief aan aandeelhouers ingesluit word, aangesien die uitvoerende bestuur verwante partye, kragtens die JSE Noteringsvereistes, is.

**Kaapstad**
5 Julie 2011

**Borg**

**Deloitte & Touche Sponsor Services (Edms) Beperk**
(In die Republiek van Suid-Afrika ingelyf)
(Registrasienommer 1996/000034/07)

GRAPHICULTURE